

N.G. Gemeente Vaalpark

Gebedsbulletin no 8

25 Februarie 2024

Reis van die liefde

Ons wil almal liefgehê word.

Want liefde het 'n manier om soos 'n kombers om ons hart te vou. En ons geborge te laat voel.

Sonder liefde vries ons menswees kliphard-koud, voel ons verwerp...sukkel ons om werklik te lééf.

Die feit is, elkeen van ons word deur God liefgehê. In Sy hart is daar onbeperkte en onvoorwaardelike liefde vir elke mens op aarde.

Hy't ons lief wanneer ons soms op die pad van die leuen is waar ons ongeliefd, skuldig of minderwaardig voel. Hy't ons lief wanneer ons ver van Hom af verdwaal en wonder hoe op aarde Hy ons nog lief kan hê.

Hy't ons lief wanneer ander mense se woorde en optrede ons herinner aan redes waarom ons nié liefgehê kan word nie. Hy't ons lief wanneer ons weerloos voor Hom staan en erken dat ons niks sonder Hom kan wees nie en dat ons Sy genade so bitter nodig het.

Die erkenning en aanvaarding van God se liefde vir ons is 'n daaglikse leef-met Hom-pad 'n Wegraak-en-terugkom-pad. 'n Vergeet-en-weer-onthou-reis... Dis 'n pad waarop ons die Gees gedurig moet toelaat om die Waarheid aan ons te openbaar. Die Waarheid wat sê dat Hy ons – ondanks onself – onbeskryflik liefhet. Nes ons is. Vir altyd. Ek en jy kan God se liefde daaglik beleef. Maar ons moet tyd máák om Sy groot liefde vir ons in te drink. En hoe meer jy toelaat dat Sy Gees en die Woord jou van Sy liefde oortuig, hoe meer sal jy die onbeskryflike vreugde van onvoorwaardelike liefde voel. En hoe meer sal jy ook ander liefgehê laat voel...

Jy's geliefd – nes jy is

Een vir een het Johannes hulle gedoop. Toegewyd aan sy opdrag om die koms van die Messias te voorspel. Totdat Hy op 'n dag self voor hom staan en Hy vra om ook gedoop te word. En toe die hemel oopgaan en God verklaar dat dit Sy geliefde Seun is, het Johannes geweet wat 'n heerlike voereg dit is om 'n voorloper van die Liefde te wees.

Jy's gedoop in Sy liefde. Onthou dit elke dag en gaan wees self 'n voorloper van Sy liefde! Ons kan liefhê omdat Hy ons eerste liefgehad het. God het vir ons Sy liefde kom openbaar deur Jesus Christus. Want só lief het God die wêreld gehad... Joh 3:16,17

Dankie!

Dat God Sy liefde in ons harte kom uistort het deur die Heilige Gees!

Vir die Heilige Gees wat God vir ons gegee het!

Dat Christus, God se Liefdehart aan ons kom openbaar het!

Gemeente en algemene voorbidding:

- Vir ons predikante en hulle gesinne. Vir al die werksaamhede van ons gemeente.
- Vir 'n geestelike ontwaking in die Kerk, verlossing van ongereddes en sosiale geregtigheid. Vir eenheid, herlewing en transformasie in SA.
- Vir die opbou en toerus van God se kinders om God se hart aan stukkende en verlore mense te openbaar.
- Vir God se Koninkryk en Sy wil om in SA te geskied.
- Dat ons 'n biddende gemeente sal wees, met 'n hart van gebed soos Jesus.
- Vir ons huwelike en gesinne. Vir versoening, herstel en genesing van verhoudings.
- Kom ons bid met Sy Koninkryksvisie en -misie in ons harte vir ons land. Kom ons belyn ons harte met God se hart. SA draai terug na God toe!
- Vir ons skoliere en studente. Dat hulle hulle hoop in Christus sal vind.

Gebedsversoeke

- | | |
|--------------------------|---------------------------|
| • Lottie Conradie | Ockie Fourie |
| • Maria Steyn | Ria Putter |
| • Annie Brink | Tannie Rina van der Vyver |
| • Jaco Steenkamp | Tannie Poppie Rheynecke |
| • Tannie Marinda Jordaan | Tannie Bets Coetzee |
| • Johnny Viviers | Amoré Alberts |
| • Annika Killian | Sumari Pretorius |
| • Leonie Kruger | Willie Viljoen |
| • Albert Glockzin | Annatjie Pienaar |
| • Jillian Jansen | Rudi Kruger |
| • Willie Britz | Jaap Naude |
| • Tilly van Huysen | Flippie Roslee |
| • Jurie Matthee | |

Gedagte vir die week

**Die liefde...hou nie boek van die kwaad nie.
1 Kor 13:4-5**

Stuur Gebedsversoeke aan:

Ds Deon 083 288 7555 of Kerkkantoor
N.G. Kerk Vaalpark se webtuiste: ngvaalpark.org